higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STEENWERK
NKR VLAK 4

(12020524)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

VRAAG 1: ALGEMEEN

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n ... word in bouprojekte gebruik om kraakvorming wat deur interne of eksterne spanning op die struktuur veroorsaak word, uit te skakel of te beperk.

A Muurbint
B Dak-anker
C Supergom
D Beheerlas

1.2 Beton wat so pas nabehandel (cured) is staan as ... beton bekend.

A skuur-
B groen-
C gehegte
D laag-

1.3 'n ... is steenwerkgereedskap wat gebruik word om tekstuur aan steenwerk en beton te verleen.

A Spitshamer
B Dresseerhamer
C Houthamer
D Beitel

1.4 Trumessel (raking) is die proses waarop dagha tot op 'n diepte van ... mm tussen stene verdig word.

A 100
B 205
C 10
D 75

1.5 Die sement wat in pleister gebruik word moet aan ... 50197-1 voldoen.

A (NSB)
B VOO
C TBOO
D SANS

1.6 ... is 'n konstruksiemateriaal wat gebuik word om spasies tussen teëls in te vul en om teëllaste te steun.

A Pleister
B Gidspleister
C Voegtroffel
D Voegbry

Kopiereg voorbehou

1.7 ... bestaan uit twee papiervoerings aan weerskante van 'n kern wat gips, stysel en ander bymiddels bevat.

A Pleisterbord
B Skuurpapier
C Kroonlys
D Spatlys

1.8 EEN van die basiese bestanddele van voegbry is ...

A grond.
B sement.
C klippe.
D fyn aggregaat.

1.9 ... word gemaak van 'n mengsel van klei en ander natuurlike materiale.

A Glasteëls
B Keramiekteëls
C Gegalvaniseerde teëls
D Geriffelde teëls

1.10 Laat die voegbry vir ... bind voordat die teëls verseël word.

A 2
B 72
C 24
D 3

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2: PLEISTERWERK

2.1 FIGUUR 1 hier onder toon die oppervlak van die betonblad wat voorberei is deur 'n grofspatlaag aan te wend.



FIGUUR 1

2.1.1 Waarom is 'n grofspatlaag op die betonblad hier bo aangewend? (2)

2.1.2 Hoe word 'n grofspatlaag op beton aangewend? (4)

2.1.3 Waarom word 'n bindmiddel (bonding liquid) by 'n grofspatlaag gevoeg? (1)

2.1.4 Indien die bronlaag te droog is moet dit vooraf geweek word.

Verduidelik die metode wat gebruik word om die bronlaag te week word voordat dit gepleister word. (7)

2.2 Wat is *ru-beton* ('off-shutter concrete')? (2)

2.3 Waarvoor word die volgende pleistergereedskap gebruik?

2.3.1 Staalborsel

2.3.2 'n Reihout

2.3.3 Koolborsel

2.3.4 Pleisterbord ('hand hawk')

2.3.5 Skietlood

(5 × 1) (5)

2.4 Omskryf *muurgleuf* ('wall chase'). (4)

2.5 Beskryf die prosedure om 'n maat pleisterklei met die hand te meng. (5)

[30]

VRAAG 3: GIDSPLEISTER EN TOPLAE

3.1 Wat is die stelpeil en hoe beïnvloed dit die vlak van die gidspleister/toplaag? (4)

3.2 Beskryf die proses wat gevolg word om 'n saktoets uit te voer en gebruik netjiese sketse om die toets en die maat van 'n ware sakking te illustreer. (10)

3.3 Noem DRIE stappe om die bronlaag vir gidspleister of 'n toplaag voor te berei. (3)

3.4 Hoe maak 'n mens die bronlaag skoon voordat gidspleister aangewend word? (2)

3.5 Noem VYF stappe in die aanwending van die brylaag ('slush coat'). (5)

3.6 Hoe verwyder 'n mens ghries van die bronlaag? (2)

3.7 Verdigting het 'n strukturele asook 'n voorkomsfunksie.

Noem VIER tipes verdigtingstoerusting wat op 'n groot steenwerkterrein gebruik kan word. (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: TEËLWERK

4.1 Bespreek waarom dit nodig is om afvaluitlate en dreine met lappe toe te stop om te verhoed dat teëlsement daarin beland. (6)

4.2 Noem en verduidelik TWEE groepe toetsing wat gebruik word om die gaafheid van mure te toets voordat teëls aangebring word. (10)

4.3 Verduidelik die belangrikheid daarvan dat ten minste 80% verf verwyder moet word voordat oppervlakke geverf kan word. (10)

4.4 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

Nadat die gidspleister gegiet is, word die oppervlak met ... (4.4.1) bedek om vog vir ... (4.4.2) terug te hou. Na hierdie tydperk, wag nog ... (4.4.3) om te verseker dat die nabehandelingsproses min of meer voltooi is voordat die oppervlak geteël word. Dit beteken dat ... (4.4.4) sal verloop nadat die gidspleister of toplaag gegiet is en die vloeroppervlak geteël word. (4)

[30]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou